



Skep 'n blywende nalatenskap



By die Universiteit Stellenbosch glo ons dat ons ware hoop op die Afrika-vasteland skep, dat ons baanbrekerswerk doen met ons wetenskap-vir-die-samelewing-strategie, en dat ons van die wêreld se grootste uitdagings die hoof kan bied deur met ons sterkpunte en kundigheid in mense se behoeftes te voorsien.



PROF H. RUSSEL BOTMAN
Rektor en Visekanselier

BOODSKAP VAN DIE REKTOR

Enigeen wat al aan die Universiteit Stellenbosch studeer het, het baat gevind by die ruimhartigheid van die filantroop Jannie Marais, ons weldoener en stigter.

Deur 'n testamentêre skenking te maak, sluit u by hom en vele ander aan wat onbaatsugtig besluit het om studente se lewens te verbeter.

Deesdae stel 'n snelveranderende omgewing al hoe groter eise aan die Universiteit. Slegs deur die welwillendheid van visionêre individue soos u, kan ons die instelling se akademiese uitnemendheid verseker.

As Rektor en Visekanselier, doen ek 'n beroep op u om u te skaar by Jannie Marais en ander soos hy wat reeds 'n blywende nalatenskap geskep het ter wille van die groter saak.

Bemaak en bemagtig



WESLEY KOTZE

Alumnus van die Universiteit Stellenbosch en emeritusprofessor in Wiskunde, Rhodes-universiteit, Grahamstad

BOODSKAP VAN SKENKER

Ek is nog gereeld betrokke by die departemente Wiskunde en Musiek. Danksy die nalatenskappe van diegene voor my, is albei hierdie departemente tans van die aktiefstes in die land.

Dit is vir my net 'n plesier om 'n testamentêre skenking aan die US te maak en sodoende terug te ploeg in 'n instelling wat eens my kennisvennoot was.

Ek glo in die potensiaal van Suid-Afrika se jong akademici en die blink toekoms wat op die Universiteit Stellenbosch wag. Ek vertrou dat my bydrae, onder die wyse leiding van prof Botman, tasbare hoop kan bring aan studente wat dit werklik nodig het.

GELEENTHEDE GESKEP, POTENSIAAL ONTSLUIT



HELOISE PETERSEN
BA Geesteswetenskappe

Die Dorris Crossley-beurs het 'n geweldige positiewe impak op my lewe as student. Danksy me Crossley se toekomsvisie, kan ek die stres van finansiële druk wat elke student ervaar opsy skuif en uitsluitlik op my akademie konsentreer.



CHANTELLE PRETORIUS
MSc Biochemie

Die Wilhelm Frank-beurs het my gemotiveer om selfdisipline aan die dag te lê en my allerbeste in my studie te gee. Dit het 'n geweldige invloed op my lewe gehad en my die waarde daarvan geleer om terug te ploeg in jou gemeenskap.



DIE ERFLATERSGILDE

Sodra u 'n bemaking aan die Universiteit Stellenbosch skriftelik bevestig, word u outomaties lid van die Erflatersgilde, 'n visionêre groep alumni en vriende wat, soos u, die versierende en deurdagte besluit geneem het om 'n verskil aan die Universiteit Stellenbosch te maak.

As lid van die Erflatersgilde, kry u geleentheid om te skakel met ander wat u visie deel, en stel u die Universiteit in staat om u in u leeftyd te bedank.

U lidmaatskap plaas u onder geen verpligting nie. Ons verseker u dat enige inligting wat u aan ons verstrek, as streng vertroulik hanteer sal word. Indien ons bewus is van u voorneme, sal dit ons ook vir die toekoms help beplan.

U BELASTINGVOORDEEL

Tans word boedelbelasting teen 'n koers van 20% gehef op bates ter waarde van meer as R3,5 miljoen in u boedel ten tyde van u afsterwe.

Een manier om dié belastingverpligting te beperk is deur 'n testamentêre skenking aan u alma mater te maak. Welwillendheidsgeskenke van hierdie aard word van die waarde van die boedel afgetrek voordat boedelbelasting bereken word.

Onthou asseblief om u testament gereeld by te werk om enige veranderinge in u persoonlike lewe sowel as in wetgewing te weerspieël.



Vir verdere inligting oor hoe om 'n toegewyde bemaking op te stel, skakel gerus met:

HUGO STEYN

KOÖRDINEERDER: ERFLATINGS

ONTWIKKELING & ALUMNIVERHOUDINGE
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH
PRIVAAT SAK X1
MATIELAND 7602

T 021 808 3615
F 086 522 9661
E hugos@sun.ac.za



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY



jou kennisvennoot